

GODSLASTERSAAK ,BAIE BELANGRIK'

DIE Godslasteringsaak waarby 'n 30-jarige Johannesburgse kunstenaar in die plaaslike streekhof verskyn, is vanoggend beskryf as 'n „uiters buitengewone en belangrike saak wat die vryheid van skilders, kuns en literatuur behels.”

Harold Rubin van Tiende Laan, Highlands-Noord, verskyn voor landdros G. B. Jordaan. Geen getuienis is gelewer nie en die saak is tot 7 Januarie aanstaande jaar uitgestel.

'n Groot aantal belangstellendes

Raak glo ,vryheid van kuns en literatuur'

het die openbare galerye vanoggend volgesit, o.a. ook ds. G. A. Cruywagen van die N.G. Kerk, Malvern, wat getuienis in die verhoor sal lewer.

Die Staat voer aan dat Rubin gedurende die tydperk van 24 tot 27 Julie vanjaar in Galery 101, Rand Centre, Johannesburg, Jesus Christus, en/of God belaster het deurdat hy 'n skildery getiteld „My Jesus” aan die publiek tentoongestel het wat Jesus

Christus aan die kruis voorstel, waarin Jesus gesien word as 'n naakte wese met 'n menslike liggaam en met die hoof van 'n dief of 'n soort monster, en/of deur die woorde:

„I forgive you O Lord, you know not what you do.” wat op hierdie skildery geskryf is.

Nie genoeg tyd

Toe hy om uitstel van die verhoor gevra het, het adv. B. Lowen, S.A. (namens Rubin) gesê dat laasgenoemde slegs tien dae gelede gedagvaar is en dat hy nie genoeg tyd gehad het om sy verdediging voor te berei nie.

Dr. Lowen het die verhoor as uiters buitengewoon en belangrik bestempel. Hy het daaraan toegevoeg dat die verdediging getuies moet spreek en verklarings van hulle moet neem. Gebrek aan tyd kan Rubin in sy verdediging benadeel.

Mnr. P. C. Oosthuizen behartig die Staat se saak. D. Lowen word bygestaan deur adv. D. Soggot (in opdrag van Reeders, Teege en Rosettenstein).